1st

Anina Walters
Metro North
Laerskool Durbanville
Teacher: Ms Anita Knipe

Lekkersland

Felix en Felicity ry op ‘n spookasemwolkie rond. Die son begin al oor die bergtoppe loer. “Wat gaan ons vandag doen, Felix” vra Felicity. Felix antwoord haar nie. Hy le en suig aan bloedrooi suigstokkie. Skielik bots hulle wolk teen ‘n toffieboom. Die twee skrik omtrent groot.

Onder die boom sit ‘n lelike heks met ‘n toffieappelneus. Haar vingers lyk vir Felix soos suurwurms. Suurwurms is die monstertjies wat in lekkersland woon. Hulle gesigte is altyd suur en hulle glimlag nooit nie... “Het jy dalk verdwaal?” vra Felix vir die heks. Die heks wip van die skrik en spook om haar bos hare uit die toffieboom se taai blare te wikkel. Ek het my katjie Kitty verloor, huil die heks. Sy stel haarself as Nientjie die heks voor.

Sy verduidelik dat sy gevlieg het na Mars en dat Kitty ‘n malvalekkermuis op die Lekkersland gesien het. Kittie het uit die vliegmobiel gespring en gehardloop dat die sherbert spat. Nou soek al vir ure na haar, huil Nientjie Voort. Haar trane drup soos slym een vir een op die grond.

Felix weet eenklaps dat Anina muis die heks sal kan help om haar kat op te spoor. Anina muis is die slimste spoornyer in Lekkersland. Sonder skroom skakel Felix Anina muis se noodnommer. Voor jy kan se Nik Naks tel die slim muis op. Felix verduidelik wat gebeur het en Aninamuis belowe om binne ‘n japtrap by hul te wees. Aninamuis het ‘n vinnige grondboontjie helikopter waarmy sy vlieg. Hierdie grondboontjie helikopter kan hoer as die Karamelberg van Lekkersland vlieg. Met haar aankoms verduidelik die twee maats wat met Nientjie die heks se kat gebeur het. Anina muis se neusie frommel op ‘n plooi soos sy dink. Ek het ‘n blink plan roep sy uit. Sy teken in die sherbert sand ‘n padkaart na kaaskrullebos. Kaaskrullebos is die goudgeel bos waar die malvalekker muise woon. Die vier klim almal in die grondboontjie helikopter en vlieg met ‘n boog deur die lug.

Hulle land in die middel van kaaskrullebos waar hulle vir Smartie muis vra of sy dalk ‘n klein katjie gewaar het. Smartie muis sug van verligting. Hulle het omtrent bontgestaan verduidelik hy. Die stoute kat wou al die malvalekker muise vang. En hulle moes haar in die pretsel trunk sit. Kitty gee ‘n lang miaau toe sy die heks sien. Nog nooit was sy so bly nie. Sy smeek dat hulle asseblief verder moet reis, want sy hou nie baie van die muise wat op Lekkersland woon nie. Hulle jaag haar rond en het haar in ‘n stokkerige tronk gegooi. Felix en Felicity moet omtrent keer om nie hardop te lag nie.

Nietjie die heks gee vir almal ‘n taai toffie appel drukkie en hartjie bons van blydskap. Sy gee ‘n sakkie vol sjokolade munte vir Anina muis wat weereens uitstekende spoorsnyer werk gedoen. Felix en Felicity se dag is gemaak.